

**30 Januarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 11:25-12:21**

**Rus, vrede en genade is alleen by Jesus Christus te kry**

Om God te dien vra dat ons totaal op Hom alleen vertrou. Sy genade is vir ons genoeg. Hy het vir ons die nuwe lewe gegee, sodat daar van ons kant geen verdienste of verpligting moet wees om Hom te dien nie. Dit is daarom dat Jesus Christus ons uitnoui om alleen by Hom vrede te gaan soek. So baie mense wil vandag nog iets van hulle kant vir God doen om saligheid te verdien. Maar die teendeel is egter waar: Daar is genade vir elkeen wat waarlik in Jesus Christus glo – ryk of arm, klein of groot, geleerd of ongeleerd.

Die uitnodiging van Jesus aan sy kinders is:

“Kom na My toe”. Hier is ryke vertroosting in opgesluit. Daar is alleen ware verlossing te vind in en deur Jesus Christus. Om na Jesus te gaan beteken om volkome op Hom te vertrou Hierdie uitnodiging is aan alle Christene gerig, maar in besonder ook aan die wat uitgeput en oorlaai is.

“Neem my juk op julle.” Die juk van Jesus is die geloof waarin ons rus vind. Daar is nie meer wetsonderhouding as verdienste nie, maar die vind van vrede in en deur Jesus Christus wat vir ons sondes betaal het.

*Sing: Psalm 38:1,17*

*Ds GS Kruger (Centurion)*